
Søren Kierkegaard se keusevryheid as invloed op die eksistensiële fenomenologie

KSDuffey

Masters Student, Department of Philosophy, University of Pretoria, Pretoria 0002

Abstract

A specific analysis of the work of Søren Kierkegaard pertaining to the freedom of making choices shows that the later tradition of phenomenology and existentialism can be judged in terms of their relevance to this aspect of Kierkegaard's work. In this regard the ideas of the early founders of the discerning movements (Brentano, Husserl, Jaspers and Sartre) are examined.

Die plek wat Søren Kierkegaard binne die fenomenologiese eksistensialisme beklee is een wat gewoonlik gepaardgaan met sy rol as sogenaamde vader van die eksistensialisme. Dit sou dus nodig wees om hierdie rol te ondersoek vanuit die perspektief dat sy idees nie die verfyndheid van latere denkers oor dieselfde onderwerp sou he nie, maar dat hy eerder die grondslag gele het vir die latere beweging. Ook sou dit nodig wees om die verbintenis tussen die verwante, maar tog uiteenlopende idees van die bewegings van fenomenologie en eksistensialisme te ondersoek. Dit sal gedoen word veral aan die hand van twee van die mees omvattende denkers van die twee rigtings, naamlik Edmund Husserl en Jean Paul Sartre. Dit moet egter dadelik genoem word dat Kierkegaard se werk wyd uiteenlopend is en daarom kan hy nie bloot as voorloper tot die fenomenologiese eksistensialisme gesien word nie. Dit is om hierdie rede dat die hieropvolgende gedeelte spesifiek sal verwys na die aspekte van die keusevryheid wat ons in die werk van Kierkegaard aantref.

Søren Kierkegaard tree na vore tydens 'n periode in Europa wat gekenmerk is deur die uiteenlopende invloed van die Duitse filosoof George Hegel. Hegel se filosofie is een wat gekenmerk is deur 'n groeiende idealisme wat 'n hoogtepunt bereik in sy idees rondom sy dialektiek en die Absolute Gees, wat moet lei tot absolute waarheid vir alle mense en alle tye. As deurtastende teenstander van Hegel, vind ons in Kierkegaard se vroeëre werke 'n striemende aanval op die idees van Hegel veral dan in een van sy eerste werke *Die konsep van ironie*. Die werke wat hierop volg brei hierdie kritiek uit en dit is eers in sy latere werke dat Kierkegaard 'n sterk stem vind vir sy eie posisie binne die raamwerk van sy eksistensialisme.¹

In teenstelling met die Hegeliaanse idee van universele waarheid, stel Kierkegaard die konsep van subjektiewe waarheid. Dit is 'n waarheid wat Kierkegaard as persoon slegs vir homself opeis; 'n waarheid wat geld vir hom en hom alleen en dus nie van toepassing gemaak kan word op ander nie. Dit staan in skrilte kontras met Hegel, wie se idees Kierkegaard beskryf as te kollektief, te objektief en te abstrak. In hierdie kritiek vind ons alreeds 'n vraag na die lewe en bestaan binne die lewe. Dit is egter 'n bestaan waarvan die waarde en betekenis slegs vir die een wat dit deurleef geld.²

Dit is nodig om hier te let op die sterk Christelike georinteerdeheid van Kierkegaard se lewe. Hy gee alles op vir 'n lewe van afsondering en gewydeheid aan God. Hy verag die tradisionele konsepte rondom godsdiens, wat van mense toeskouers eerder as indringende deelnemers maak, ook in sy eie kerklike denominasie waar hy eers as teoloog gestudeer het. Hy sien hierin die gevaar van die oorgee aan die metafisika van geloof eerder as lewe vanuit geloof. Die gees van die tyd en die beheptheid met Hegel, maak Hegel se idees nog meer afstootlik vir Kierkegaard, veral gesien in die lig van Hegel se ampse sekularisering van die Christelike godsdiens. Kierkegaard voel dat die werklike diepsinnige ontmoeting van die individu met God vervang word deur 'n breet kollektiewe aanroep van God en dat die konsep van God eerder opgeneem word in die Hegeliaanse Idee van die Gees.³

Vanuit hierdie konsep van Kierkegaard kom een van die sterkste beginsels van eksistensialisme wat op die indringende subjektiewe aard van sy denke dui, naamlik in die vorm van die maak van keuses. 'n Keuse wat gemaak word deur die individu na eerlike en indringende oorlegpleging met hom of haarself. Hierdie konsep om die maak van keuses word later tot sy uiterste gevoer deur Sartre en sy eksistensialisme.⁴

Wat Kierkegaard se idees nog meer subjektief maak is dat hierdie keuse wat gemaak word, soos ook die vind van waarheid, nie van toepassing is op enigiemand buiten die een wat die keuses maak nie. Daarom kan Kierkegaard ook nie in sy filosofie voorskriftelik wees en vir mense 'n spesifieke lewenswyse of lewensoriëntasie voorstel of uitwys nie. Hy kan hoogstens ander probeer verlei deur sy eie lewe. Daar behoort dus 'n passie te wees by die mens in sy bestaan, soveel so dat dit ook ander sal beïnvloed. Dit is dus 'n invloed deur jou bestaan en lewe eerder as jou idees wat jy propageer. Kierkegaard verwerp wat hy noem, die Publiek, en die se strewe na 'n gesofistikeerde navolging van die idees van sogenaamde groot denkers, eerder as om uit te vind wat vir die individu van werklike lewenskragtige waarde is.⁵

Die keuse wat deur elke individu uitgeoefen moet word eis een wat losgemaak is van die invloed van rasionaliteit of 'n behepthed met groter universele idealisme. Dit gaan dus om 'n inkeer en nie 'n keuse wat gemaak word met die vooraf kennis of insig oor die uitwerking van daardie keuse op jou lewe nie. Dit gaan verder ook nie soveel oor die spesifieke keuse wat gemaak is nie, maar veel eerder oor die wyse waarop dit gemaak is.

Hierdie keuse moet gemaak word sonder om jouself oor te gee aan die rasionaliteit van die keuse nie, want dit sou afbreek doen aan die mens se behoefte na die maak van keuses. Hierdie keuses moet dikwels gemaak word op tye en in situasies wat nie logiese beredenering toelaat nie, 'n idee wat later deur Karl Jaspers opgeneem sou word. Die keuses wat gemaak word sal dus altyd as ietwat absurd en onlogies voorkom, maar dit is juis, wat in Kierkegaard se opinie, substansie verleen aan bestaan, maar dan die bestaan van die individu en nie die van die versinsels van die Publiek nie.⁶

Kierkegaard vind sy sterkste teenstand vir hierdie konsep rondom individuele keuses in die hoogaangeskrewe Hegeliaanse idee en metode van die dialektiek, waar selfs die mees uiteenlopende konsepte en teenstrydighede deur 'n proses van mediasie tot mekaar verbind word. Dit is hierdie proses, voer Kierkegaard aan, wat die noodsaaklikheid vir die maak van absolute keuses van die menslike bestaan wegneem. In weerwil hiervan stel Kierkegaard 'n sogenaamde dialektiek van eksistensie voor. Wat, anders as Hegel se dialektiek, nie groot historiese gebeure wat van toepassing op die Publiek is betrek nie, maar eerder by elke individu voorkom en dan wel in die innerlike werking van elke individu. Hierdie dialektiek maak dus geen uiterlike vooruitgang nie en dra ook nie iets oor van persoon tot persoon nie. Dit gaan oor innerlike besluitneming wat spruit uit voortdurende konflikte en konfrontasie. Sonder die ingryping van logika of rasionaliteit moet 'n besluit geneem word wat wel as waar absurd mag voorkom. Dit gaan egter oor die maak van 'n besluit en die hou by daardie keuse. Dit is 'n besluit wat die individu se lewe na regte radikaal sal beïnvloed, maar dit is juis hieruit wat die passie vir bestaan en die lewe groei.⁷

Kierkegaard verwerp egter nie rasionaliteit nie en bevestig dat dit wel 'n rol speel by die neem van 'n keuse, maar dit is die intensie en bedoeling waarmee 'n keuse gemaak word wat van belang is en nie die logiese beredeneerbaarheid daarvan nie. Die lewe vereis deurgaans 'n keuse van of dit, of dat. En dit is in hierdie geforseerde keuse-maak-situasie waar die oorgawe en bedoeling waarmee 'n keuse geneem word van belang is wat in werklikheid 'n vol en passiewolle bestaan regverdig. Daar sal nooit genoegsame ontsluiting en resolusie plaasvind nie, maar dit is die wese van die lewe as eksistensie.

In Kierkegaard se lewe het hierdie besluitneming 'n oorgawe aan die Christelike geloof beteken en het dit ook uit sy latere meer godsdienstige tekste soos *Werke van Liefde* en *Siekte tot die dood* geblyk. Kierkegaard se keuse was in sy eie woorde dus vir die godsdienstige lewe, eerder as die estetiese of etiese lewe. Tog is daar geen regte of verkeerde keuse nie en kan 'n ander individu tog vir 'n ander tipe lewe kies. Die latere volgers van die fenomenologiese eksistensialisme het dan ook hierdie Christelike georiënteerdheid van Kierkegaard verwerp.⁸

Die fenomenologiese beweging word allerweë ook in noue verbintenis genoem met die eksistensiële beweging en word dan ook soms die fenomenologies-eksistensialisme genoem. Dit is 'n misleidende term omdat die twee bewegings grootliks van mekaar geskei is. As 'n beweging, veronderstel fenomenologie 'n nie-statische opset waarvan die ontwikkeling daarvan, die beginsels en ook die metode van ondersoek insluit. Dit bestaan uit nie-verwante aspekte, vanuit 'n gemeenskaplike punt van oorsprong.

Die voorloper tot hierdie beweging en ook die leermeester van Husserl, een van die sogenaamde stigterslede van fenomenologie, is Franz Brentano. Hy was in werklikheid 'n sielkundige eerder as filosoof, maar dit is deur sy metode en strewe dat verskeie van die grondbeginsels van die fenomenologie in sy student Husserl vasgelê is. Veral dan in die metode waarmee 'n suiwere verkenning van die sielkunde kan plaasvind en tot watter mate fisiese fenomene hierin 'n rol speel.⁹

As sielkundige was die fokuspunt van Brentano die bewussyn en hoe dat, sonder die inagneming van voorafgaande oortuigings en opvattinge, daar 'n klassifikasie van fisiese fenomene kan plaasvind. Brentano maak dan ook gebruik van 'n begrip wat veral later deur Husserl opgeneem is, die van *intensionele in-ekstensie*. Hierdie begrip by Brentano verlang 'n verwysing na die konteks en ook 'n toegespitsheid op die objek.

Die verstandsaksie het wesenlik 'n verwysing na iets anders en het daarom 'n verhoudingsgeaardheid. Hierdie verhouding wat ontstaan vind eerstens uiting in die van verteenwoordiging of representasie waar die voorwerp van verwysing bloot onder die aandag van die persoon gebring word. Tweedens, is dit 'n verhouding van oordeel waar 'n verwysing as waar aanvaar word of as vals afgemaak word, en derdens 'n verhouding van liefde of haat teenoor die fenomeen en daarom 'n aanvaarding of verwerping van die fenomeen op 'n emosionele vlak tot gevolg het.¹⁰

Wat egter hier van belang is, is dat daar telkens 'n objek is waarvoor hierdie uitsprake gelewer word. Hierdie objekte is konkreet of abstrak, werklik

of versinsels. Die klem is dus nie op die objekte nie, maar eerder op die bewussyn se omgang met hierdie objekte of fenomene.

Brentano se bydrae lê dus in die metode wat hy volg om oor fenomene en die se verskyning aan die bewuste persoon te redeneer. Brentano self het nooit sy idees as fenomenologies beskryf nie, maar sy bydrae as voorloper kom veral in Husserl na vore. Selfevidensie vir die etiese oordele van die mens, losgemaak van eksterne faktore is waarop Brentano hom in sy werke beroep het. Die metode wat hy aanwend is die van die klassifikasie van die aard van verskyningsvorme aan die bewussyn. Dit gaan dus nie oor die beskrywing van die objek of verskyningsvorm aan die mens nie, maar eerder die manier hoe dit geskied. Tog kan Brentano se idees beskryf word as 'n te uitermate beheptheid met sielkunde en nie genoeg van 'n logiese metode vir die omskrywing van die aard van die verhouding tussen die objek en die se verskyning aan die bewussyn nie.

Husserl se idees is grootliks 'n terugkeer na die universele en 'n verwerping van die relativisme, historisisme en veral die skeptisisme van ondermeer Nietzsche en Dilthey. Husserl is dus op soek na 'n metode wat die absolute begronding van waarheid en die hervestiging van die wetenskaplike aard van ondersoek sal meebring. Ons vind dus by Husserl tot 'n groot mate die verwerping van die idees van Kierkegaard en 'n beroep op die van Descartes, Kant en Hegel.¹¹

Tog is daar sekere elemente van die nuwe tydsgees van skeptisisme waaraan Husserl nie kon ontsnap nie en dit is om hierdie rede dat hy as 'n blywende invloed gesien word in onder meer die eksistensiële beweging van veral die werke van Merleau-Ponty en Sartre.¹²

Een van Husserl se bydraes tot die beweging was die van subjektiwiteit. Alhoewel dit nie in dieselfde lig gesien kan word as die van Kierkegaard nie, het dit tog 'n invloed gehad in sover daar gefokus word op die individu se perspektief en intensie waarmee daar na fenomene opgelet word. Tog beweeg Husserl ook verder van veral die eksistensialiste wanneer hy van die sogenaamde transendentale ego praat, waar die subjektiewe gewaarwording een van objektiewe deelname word.

Dit moet nie vergeet word nie dat Husserl gestreef het na die suiwere onderbou van 'n wetenskaplike metode vir fenomenologie en daarom homself nie kon verdiep in die subjektiwiteit van veral Nietzsche nie. Husserl se subjektiwiteit is eerder die van Descartes waar die individu se kennisname alles omvattend is, maar waar dit steeds iets is wat met alle mense gedeel word. Vandaar die begrip van transendentale ego. Dit is veel eerder Husserl

se metode as sy onderskrywing en regverdiging daarvan wat van belang is in die latere fenomenologiese era.

Die metode wat Husserl voorstaan is een wat gefokus is op die bewussyn van die individu. Hy verwerp die idee dat daar vanaf logika empiries beweeg kan word na 'n verduideliking van die wyse waarop gedink word oor die verskyningsvorme van objekte. Hy noem hierdie benadering die van *psigologisme* en die rede waarom hy hierteen te velde trek is omdat dit die agterdeur ooplaat vir die skeptisisme van blote assosiasie, eerder as 'n indringende soeke na die begroding van fenomenologie en daarom ook die filosofie as 'n wetenskap.¹³

Ten einde die skeptisisme verder te vermy, kan daar ook nie relativisties verwys word na die objekte soos dit in realiteit voorkom en hoe dit aan die waarnemer verskyn nie. Om hierdie rede sluit Husserl aan by Brentano se intensionaliteit in die sin dat alle bewussynsaksies wel die bewustheid van iets is en dat dit nie saak maak of dit eg of versinsel is nie.

Om by die universele waarheid uit te kom wat alle vorme van filosofiese redevoering onderlê, is dit dus nodig om die onderskeid tussen werklike objekte en die wat in die bewussyn verskyn te verwyder. Dit, glo Husserl, kan alleenlik gedoen word indien daar 'n grootse reduksie plaasvind. Dit gaan egter nie om die reduksie van die bewussyn tot enigiets anders nie, soos by psigologisme nie, maar eerder om alle ervaring te reduseer tot die bewussyn.

Daar moet egter nie gedink word dat Husserl die bestaan van 'n buite-bewussyns-realiteit verwerp nie, maar slegs dat dit nie van enige belang is om by die universele waarheid uit te kom nie. Husserl stel 'n breë proses voor vir hierdie reduksie, maar dit is vir hierdie studie nie van werklike belang nie. Wat wel van belang is, is Husserl se epog van reduksie, waar hy vra vir die totale buite bereiking plaas van alles wat nie direk deur die bewussyn betrek word nie. Dit gaan hier nie oor die fokus op die inhoud van die bewussyn nie en nog minder om 'n oproep tot eksistensie, maar veel eerder om 'n fokus op die werking van die bewussyn. Om realiteit dus te ondersoek moet die mens staatmaak op die werking van die bewussyn en nie die eksterne referensie wat mag voorkom nie.

Husserl fokus laastens nie juis op die individu en die se rol in die ontsluiting van die bewussyn nie, maar eerder op die ontsluiting van objektiewe universele kennis en waarheid.

Die tweede been van die latere beweging is binne die van van die eksistensialisme. Een van die eerste persone wat as eksistensialis erken word

is Karl Jaspers, alhoewel hy self nooit die benaming aanvaar het nie. Jaspers se werk verskil grootliks van die fenomenologiese kant deurdat hy worstel met die probleem van *eksistenz* en hoe dit deur rede onderle kan word. By hom is daar nie 'n oorbeheptheid met die bewussyn as middel tot absolute kennis en insig nie, maar eerder die mens se bestaan as 'n outentieke en opregte bestaanwese.

Hierdie opregte bestaan vind sy deurbraak in die mens se keuse tot *eksistenz*. Hier vind ons 'n aansluiting by Kierkegaard deurdat die mens 'n bewuste keuse tot die bestaan van *eksistenz* moet maak selfs al weet hy of sy dat daardie bestaan nie volmaak sal wees nie. Dit is egter 'n transendentale beweging wat uitgevoer word waar die mens werklik hom of haarself word. Die gaan dus nie oor die volmaakte universele waarde van bestaan nie, maar oor die beweging tot 'n verbintenis tot *eksistenz*, wat 'n openheid tot die self meebring.¹⁴

Die tweede aspek wat verband hou met Kierkegaard, is die van die wees binne die lewe en die mate waartoe hierdie bestaan jou forseer tot die maak van keuses. Daar is 'n wegbeweging van die essensialisme van Hegel en sy dialektiek na 'n maak van keuses in perifiriale aspekte van bestaan: daar waar die mens gedwing word tot die maak van keuses, en dit is hier waar die opregtheid en openheid van *eksistenz* die maak van keuses vergemaklik.¹⁵

Die persoon wat allerweë beskou word as een van die grootste geeste van die eksistensialisme en ook die twintigste eeu, is Jean-Paul Sartre. Een van sy grootste bydraes tot eksistensialisme was om die vryheid van die mens tot 'n uiterste te voer. Hier is dus 'n totale verwerping van die voorbeheptheid met essensie. Die mens is vry om te kies tussen alternatiewe om 'n doel te bereik. Hy het 'n keuse oor die doelwitte wat hy nastreef tot bevrediging van sy natuur. Die mens het selfs die vryheid om daardie menslike natuur te kies wat hy wil bevredig.

Hier vind ons dus weer 'n aanknopingspunt by Kierkegaard, naamlik dat 'n mens gedwing word tot die maak van keuses en anders as by Jaspers wat slegs die geloofwaardige mens toedig met die maak van gesonde en regte keuses. By Kierkegaard en Sartre gaan dit in die eerste plek om die maak van keuses en nie die uitwerking van 'n spesifieke keuse nie. Daar is geen regte of verkeerde besluit wat geneem word nie. Ook nie 'n metode van besluitneming nie soos Husserl dit sou wou voorstel nie. Dit gaan oor die oorgawe aan 'n lewe wat bestaan uit die maak van keuses en om daarna by daardie besluite te hou.

'n Begrip wat dus voorkom in Sartre se werke is die van verantwoordelikheid. Dit is 'n begrip wat 'n direkte uitvloeisel is van Sartre se begrip van vryheid. Dit is die naaste wat daar in Sartreuse werk gekom word aan 'n begrip vir menslike natuur. Die denkers wat Sartre voorafgaan het, beroep hulself voortdurend op een of ander fundamentele aard van die mens waaruit hy nie kan ontsnap nie; die mens is in wese goed, of godsdienstig of gewelddadig¹⁶.

Volgens Sartre is die mens in wese vry. Hierdie vryheid konstitueer egter nie die fundamentele aard van menslike natuur nie, maar laat eerder die mens toe om sy eie natuur te vestig en struktuur aan die wêreld te verleen. Die lewe en wêreld is in werklikheid niks. Die mens verwerp hierdie nietigheid en niksheid van die wereld deur die neem van besluite en die maak van keuses.

Tog veronderstel dit nie 'n vryheid om altyd te maak wat jy wil nie, maar soos Kierkegaard se oorgawe aan 'n spesifieke lewe, 'n verbintenis tot outentieke bestaan. Hier grond Sartre sy idees tot 'n groot mate in die van Heidegger. Die mens beweeg daarom altyd reeds vanuit 'n bepaalde faktisiteit, maar altyd met 'n besonderse transendensie daaraan verbonde. Die feitlike gegewens wat die mens se bestaan tot op daardie punt voorafgaan, beperk die aantal keuses wat gemaak kan word in 'n situasie. Die transendensie van die mens laat egter altyd 'n reeks moontlikhede oop selfs in 'n beperkte opset¹⁷.

Die eksistensiële oogmerk is dus om nooit te verval in 'n groef waar die mens aanvoer dat hy of sy gedwing is tot sekere optredes nie, omdat dit die vrye wil van die mens verwerp. Die mens dompel homself altyd vrywillig in 'n situasie. Dit is nie iets wat soos by Husserl voortvloei uit ontleding van alle gegewens nie, maar eerder soos by Kierkegaard verwyderd is van enige teoretiese regverdigbaarheid. Hierdie dwang tot die maak van keuses mag wel omsit in wat Sartre noem *Angst* of in meer konvensionele terme 'n eksistensiële krisis. Die mens is *op*-sigself nooit bloot net *in*-sigself nie. 'n Objek wat *in*-sigself is, is bloot wat dit is en geen verandering kan plaasvind nie. As gevolg van die angs van die maak van keuses, is die mens genoodsaak om homself in die moontlikheid van die toekoms te projekteer en is daarom *op*-sigself. Gerig op die self as transendensie met die inhoud van die werklikheid van verbygaande aard tog steeds gebonde binne die werklikheid¹⁸.

Sartre se invloed spruit vanuit verskeie oorde, maar die grondslag daarvan is definitief te vind binne die werk van Kierkegaard. Sartre se verwerping van die bestaan van God versterk slegs sy verbintenis tot die mens se noodsaak om besluite te neem, aangesien ons nie nou meer ons lewe

passief kan oorlaat aan die wil van God nie, maar self tot optrede moet oorgaan.

As selferkende Marx is sou mens tekens van Marx en daarom ook van Hegel in Sartre se werk verwag. By sy sosiale filosofie is dit dan ook so dat hy verklaar dat daar 'n dialektiese proses in die wêreld aan die gang is, maar dat dit op die individueel menslike vlak altyd aangewakker en beïnvloed word deur die antagonisme en besluitneming van die mens.

Dit is dus nou nodig om te let op etlike verskille en moontlike ooreenkomste tussen die tradisies van fenomenologie en eksistensialisme en dit in die lig van Kierkegaard se werk te beoordeel.

Fenomenologie bepleit die wetenskaplike aard en absolute sekerheid van proposisies, ook die natuurwetenskappe moet omvorm word om aan te pas by fenomenologie. Eksistensialisme, so ook Kierkegaard, aspireer nie tot die beoefening van 'n wetenskap nie. Die natuurwetenskappe word nie verwerp nie, maar daar is net geen direkte ruimte of nut daarvoor binne eksistensialisme nie.

Die onderwerp van bespreking binne fenomenologie is die algemene essensie van die fenomene van die bewussyn, geen beperkings dus op die fenomene nie en ook nie die intensionele aard van die bewussyn nie. Eksistensialisme fokus op menslike eksistensie of wenslike realiteit. Die bewussyn vorm dus deel van die strukture van eksistensie, en soos by Kierkegaard is daar nie 'n beheptheid met rasionaliteit en versigtige oorweging nie¹⁹.

Die metode wat fenomenologie aanwend, naamlik die van reduksie, het ten doel om fenomene in hul omvattendheid te beskryf. Die reduksie beperk dus alles tot die bewussyn van die nie reduseerbare subjek. By eksistensialisme vind daar 'n spesiale interpretasie van die realiteit plaas en die mens se posisie daarin deur die inagneming van die menslike faktisiteit en transendensie. Hulle noem dit die sogenaamde hermeneutiese metode wat betekenis ontsyfer²⁰.

Laastens kan ons let op die mikpunt van fenomenologie. Dit gaan om die ontleding en regverdiging van alle oortuigings deur 'n toets van verifikasie wat spruit uit die reduksie tot die bewussyn. By die eksistensialisme is daar geen soektog na teoretiese regverdigbaarheid nie, maar gaan dit om die ontwaking van 'n spesiale tipe lewe van geloofwaardigheid.²¹

Hoe ver strek die invloed van Kierkegaard rakende die bewegings van eksistensialisme en fenomenologie? Met die bepaalde onderwerp van keusevryheid behoort dit duidelik te wees dat veral die eksistensialisme grootliks aanklank vind by die werk van Kierkegaard. Dit is meer as tematiese ooreenkomste wat geld. Kierkegaard se totale ingesteldheid teenoor die vryheid as noodwendig voortspruitend uit die maak van keuses is 'n aspek wat in die werk van Jaspers, Sartre en ook Heidegger sterk aandag geniet. Vanweë die streng metodiese aard en selfopgelegde opdrag van absolute waarheid wat ons by die fenomenologiese denkers soos Brentano en Husserl vind, is Kierkegaard se gedagtes van bestaansvryheid nie so sterk te bespeur by die fenomenologiese beweging nie.

Kierkegaard se sterk subjektiewe bestaan binne die lewe word grootliks gerugsteun deur die latere beweging van eksistensialisme. Metode en oorlegpleging, die nastreef van essensie word verruil vir 'n oorgawe en verbintenis tot 'n bestaan wat deur die mens se eie besluitneming geregverdig word. Tog is die eksistensiele beweging steeds net 'n selektiewe lees en toepassing van die werk van Kierkegaard. Om bepaalde aspekte van sy werk toe te lig as beweegrede tot 'n latere beweging so asof dit die enigste waardevolle aspek van sy werk is, sou naïef wees. Søren Kierkegaard se werk is veel meer veelseggend as 'n bloot historiese ontspringing van later meer gekunstelde idees.

Eksistensialisme se werkgrond is breed en uiteenlopend en betrek veral die Franse filosofiese tradisie. Tog is dit Kierkegaard wat 'n ingesteldheid op die lewe self, eerder as 'n bemoeienis met die rasionele regverdiging daarvan voorstaan en sodoende die ruimte skep waarin 'n nuwe tydsges na vore kon tree. Vir sy bepaalde bydrae rakende keusevryheid behoort hy erkenning te geniet sonder om sy werk te vernou tot blote vader van die eksistensialisme.

Bibliografie

Delfgaauw, B. 1959. *Wat is Existentialisme?* (7de uitgawe). Baarn: Het Wereldvenster

Hannay, A. 1982. *Kierkegaard*. London. Routledge & Kegan Paul Ltd.

Jones, W.T. 1975. *In Kant and the Nineteenth Century*. New York: Harecourt Brace Javanovichú.

Rorty, R. 1952. *Consequences and Pragmatism*. Minneapolis. University of Minnesota Press

Spiegelberg, H. 1961. The Context of the Phenomenological Movement. The Hague: Martinus Nijhoff

Spiegelberg, H. 1982. The Phenomenological Movement. The Hague: Martinus Nijhoff

Wild, J. 1983. Freedom and Responsibility. In Lawrence, N. & O'Connor, D (Eds.). (1987). Readings in Existential Phenomenology (pp. 247-271). Englewood Cliffs: Prentice Hall, Inc.

Eindnotas

1. Die verskil by Hegel lê egter veel dieper. In Hegel se poging om die verwyderde sferes van moraliteit, wetenskap en kuns te verenig, het hy die antwoord gevind daarin om die subjek te verabsoluteer en sodoende die wese van die subjek te vestig binne die Absolute Gees. Dit is dus veral subjektiwiteit wat Kierkegaard voorop stel. Sien Hannay, A, The Dialectic of Faith in Kierkegaard, 1982. pp.90-136.
2. Die mees basiese aspek van eksistensialisme is te vind in die vraag na die lewe as 'n uiting van net dit, die lewe. Sonder 'n oordadige beroep op die epistemologiese verstaan van die lewe soos ons by onder meer Hegel se Logika vind en selfs in Kant se mees transendentale ontwerpe.
3. Vgl. Hannay, A, The Dialectic of Faith in Kierkegaard, 1982, pp.90-158 en Jones, W.T, Kierkegaard in Kant and the Nineteenth Century, 1975 pp.209-235.
4. Die mens is altyd weer gedoem tot die maak van 'n keuse. Sartre bevestig hierdie mees angswekkende gedagte: die mens is gedoem tot vryheid, die paradoksale implikasie om nooit vry te wees van vryheid nie. Dit is hierdie gewaarwording wat 'n angstigheid by die denke van veral Sartre en ook Jaspers laat. Die grootste verskil tussen die werk van Kierkegaard en die latere eksistensialiste is juis die anglose vryheid tot die maak van voortdurende keuses wat ons by Kierkegaard vind. Dit is 'n angeloosheid wat sy regverdiging vind binne die streng en deurtastende oorgawe aan die geloofsbestaan. 'n Ware kennis en 'n vaste vertrouwe.
5. Hannay, A. Pathology of the Self in Kierkegaard, 1982, pp. 157-204.
6. Ibid.
7. Hannay, A. The Dialectic of Faith in Kierkegaard, 1982. pp.90-156.
8. Vgl. Jones, W.T. Kierkegaard in Op. cit, 1975, pp.209-235. Die drie lewensorientasies wat ons by die werk van Kierkegaard aantref is uniek. Anders as 'n moontlike houding teenoor bestaan of die rasionele implikasie van die

drie sfere van omgang (wetenskap, moraliteit en kuns word gewoonlik as potensieel epistemologiese afbakenings gesien), is hierdie drie lewens, die estetiese, morele en godsdienstige, onderling uitsluitend. Daar vind geen noodwendige transgressie vanaf die een tot die volgende plaas nie. Dit kan in geen hiërgiese orde geplaas word nie. By implikasie vind ons hier dus 'n radikale verskuiwing vanaf die tradisionele epistemologiese verligtingsdenke na die eksistensie van die lewe. Die Christelike lewe wat Kierkegaard kies maak dit egter maklik om hom as ware filosoof te misken. Hy word wel erken as 'n groot denker. Hy vereenselwig hom egter met 'n bepaalde godsdiensoortuiging, meer nog, hy gebruik dit as grondslag vir sy "filosofie", hoe kan hy as suiwer filosoof gesien word? Met hierdie redenering vind daar dan 'n afwatering van Kierkegaard se radikale implikasies plaas. Richard Rorty, *Keeping Philosophy Pure in Consequences of Pragmatism*, 1962, pp.19-38, gee spesifiek aandag aan denkers se status as filosowe en die meegaande begeerte om filosofie suiwer te hou. Benewens al Kierkegaard se Christelike affiliasies was hy by uitstek die filosoof wat die gedagte van 'n passiewolte oorgawe aan die besluite van elke dag tuisbring het.

9. Spiegelberg, H. *The Pure Phenomenology of Edmund Husserl in the Phenomenological Movement*, 1982, pp.89-185.

10. *Ibid.*

11. Husserl se vraag na metode eerder as 'n oorgawe aan die lewe, 'n verkennende verklaring eerder as 'n weselike bestaan en dus 'n verstaan van die lewe, is elemente wat algemeen aangevoer word as sogenaamde dispute met Kierkegaard. Husserl self het homself egter nooit verdiep in die werke van Kierkegaard nie, en mag die dispute wat bestaan nooit as teoretiese konflikte gesien word nie. Husserl het bloot 'n alternatiewe verwysing binne sy werk gebruik. Die invloed van Kierkegaard lê dus veel eerder in die groeiende tydsgoes van 'n inagneming van bestaan eerder as 'n epistemologiese verhouding tussen die persoon en sy of haar wêreld.

12. Spiegelberg, H. *The beginning of the French Phenomenology in Op.cit*, 1982. pp. 428-447

13. Spiegelberg, H. *The Pure Phenomenology of Edmund Husserl in Op.cit*, 1982. pp. 89-165.

14. Delfgaauw, B. *Karl Jaspers in Wat is Existentialisme*. pp.47-70.

15. Vgl. Wild, J. *Freedom and Responsibility in Readings in Existential Phenomenology*. 1963. pp.247-271. Die keuse by Jaspers verskil tog van die by Kierkegaard deurdat Jaspers 'n etiese oordeel oor keuses vel. Vir hom gaan dit oor die korrekte keuse eerder as bloot die maak van 'n keuse. Hierdie etiese verhouding wat by Jaspers te vind is, is 'n aspek wat nie by Kierkegaard voorop staan nie. Volgens Jaspers is dit die outentieke mens wat

die korrekte keuse maak in 'n geforseerde toestand. Ons vind wel iets hiervan by Kierkegaard in sy relaas rondom Abraham se bereidwilligheid om sy seun te offer. Die oorgawe van Abraham tot sy geloof, bied aan hom 'n sekerheid in die geforseerde oomblik wat nie rasioneel regverdigbaar is nie. Dit is 'n sekerheid van die korrektheid van sy keuse wat spruit uit sy voorafgaande oortuiging, vertrouwe en wete. By Jaspers is dit slegs die outentieke mens wat korrekte keuses kan maak. Volgens Kierkegaard is dit die maak van keuses wat 'n outentieke lewe verseker.

16. Die tradisionele Verligtings- en humanistiese denkers skryf sekere natuurlike toestande en uitinge aan die mens toe waaraan gehoor gegee moet word om as ware mens te geld. By Sartre geld slegs vryheid. Anders as Kant se uitspraak dat die mens in wese vry is noop Sartre se verdoemenis tot vryheid nie die mens, soos wel by Kant om tot rasionele wese oor te gaan nie. Daar is dus 'n duidelike wegbeweeg van die essensialisme van die Verligting wat vryheid as voorwaarde tot rasionaliteit stel.

17. Delfgaauw, B. Jean-Paul Sartre in Op.cit, 1969. pp. 91 -116.

18. Spiegelberg, H. Husserl's Phenomenology and Sartre's Existentialism in The Context of the Phenomonological Movement. 1981, pp.51 -61.

19. Ibid.

20. Ibid.

21. Ibid.